

BAVINCK SE ALGEMENE BEGINSELS VAN DIE PSICOLOGIE.

1. HERMAN BAVINCK.

(a) Inleiding.

'n Man se denke word deur sy persoonlikheid bepaal en sy denke word ook in 'n mate beïnvloed deur die tydperk waarin hy leef en skryf. Daarom is dit nodig om 'n begrip te hê van die persoon Herman Bavinck en ook om 'n oorsig te gee van die tydperk waarin hy skryf, voordat ons sy denke kan nagaan en begryp. Verder is dit van besondere belang om na te gaan of Bavinck met die rewolusie op dic gebied van die psigologiese denke tred ghou het.

Die meeste skrywers oor Bavinck het sy psigologie nie aangeraak nie en van die wat dit wel gedoen het, het byna almal hulle kritiek op sy eerste geskrifte aan die einde van die 19de eeu gerig en nie deeglik nagegaan wat Bavinck in die eerste twintig jare van die 20ste eeu oor die psigologie gesê het nie.
1)

In hierdie hoofstuk sal gepoog word om die algemene beginsels van Bavinck se psigologie na te gaan.

(b) Bavinck: die man.

Herman Bavinck, gebore op 13 Des. 1854 in Hoogenveen en oorlede op Vrydag, 29 Julie 1921¹⁾ het 'n besonder vrugbare lewe gehad. Hy was nie alleen 'n universele geleerde, 'n uitnemende redenaar, 'n voortreflike dosent en 'n vrugbare skrywer nie, maar ook 'n beminlike, beskeie, vroom mens. Sy talryke geskrifte dra die stempel van sy vroom gemoed.

1. Sien Van der Walt: Wysbegeerte en Wetenskapsleer van H. Bavinck, 311 - 324.

2. Hepp: Dr. Herman Bavinck, 339.

Daarom ook dat een van sy studente getuig:

„Doch lief hadden we hem meer dan iemand, lief met groote vereering. Hij was voor ons Bavinck ! ! ! Dat zei alles.”¹⁾ en verder

„Bavinck was onze afgod. We hielden van al onze professoren in allerlei toonaard; maar Bavinck was onze glorie.”²⁾

Hy was altyd minlik en beskeie, altyd geneig om goed van iemand anders te dink, altyd gereed om te help. Bavinck was 'n harmoniese persoonlikheid, 'n eenheid; van watter kant 'n mens hom ook besien, hy was oral dieselfde. As spreker het hy onbeskryflik geboei veral deur sy eenvoud, klarheid, juiste bepaling van begrippe en logiese gang in sy betoog.

As skrywer maak hy dit vir sy leser nie gemaklik nie,³⁾ nie alleen omdat sy boeke die kenmerkende leerboekindeling mis nie, maar veel meer omdat hy by die leser 'n breë kennis van die geskiedenis, die filosofie, die etiek, die psigologie, die pedagogiek en andere wetenskappe veronderstel. Hy was 'n selsaam onderlegde man, 'n sieraad vir die Calvinistiese wetenskap. Hy was 'n man met 'n ruim blik en ruim hart, beslis en tegelyk onbekrompe. Sy oog was oop vir die gevvaar om by die wins in breedte aan diepte van die lewe te verloor.⁴⁾ So sag en ootmoedig wat hy was, so vel en skerp kon sy aanvalle wees as dinge volgens sy mening teen die reg indruis.

(c) Tydperk waarin hy skryf.

Die tydperk waarin Bavinck leef en skryf, word gekenmerk deur verandering veral op die gebied van die wetenskap, industriële lewe, sosiale lewe, die opvoedkunde en die sielkunde. Die wetenskaplike metode word op groot skaal

1. Kok: Dr. Herman Bavinck, 7.

2. Ibid., 6.

3. Van der Zweep: De Paedagogiek van H. Bavinck, 6.

4. Kok: op. cit., 11.

toegepas, nie net op die gebied van die fisika en ander eksakte wetenskappe nie, maar ook op die psigologie. Op filosofiese gebied was daar 'n groot beroering. Darwin het skaars aan die horison verdwyn of Bavinck verskyn met 'n geheel ander standpunt om die wêreld te belig met sy Christelike standpunt. Mill, Spencer, Lange en Comte ontwikkel die ewolusieleer verder in sy naturalistiese en positivistiese vorme en uit die werke (veral die latere) sien ons Bavinck se groot bekendheid met die publikasies van hierdie skrywers. Aan die begin van die twintigste eeu het die pragmatisme van James en Schiller Amerika en Europa in beslag geneem. Bavinck was op hoogte met die heersende denke en strominge; hy het Stanley Hall, James, Helmholtz en Wundt geken. Nie alleen het die eksperimentele metode in die psigologie besonder vinnig opgang gemaak nie, dog die psigopatologie en kindersielkunde het produktiewe studievelde geword.

Dit is dan ook nie verniet dat prof. Heymans in
1) 1909 voor spel het dat die toekomstige eeu 'n eeu vir die
2) psigologie sal wees nie. Bavinck se psigologiese geskrifte verskyn almal in 'n tyd waarin die sielkunde-vraagstukke eers tot 'n kleiner kring beperk was maar na 1900 'n al breër terrein verower.

Op die gebied van die opvoedkunde is die Herbartiaanse psigologie op die leerstof en metode toegepas. Herverming op die gebied van die sielkunde, die opvoedkunde en die sosiale gemeenskap word nou op die onderwys toegepas. Bavinck gee sy heelhartige steun en tree as kampvegter op vir die Christelike skool in Nederland.

-
1. Sien A.J.: „Eenige gedachten naar aanleiding van Prof. Heymans' rede: „De Toekomstige Eeuw der Psychologie." Paed. Tijdschrift 1910, 285 - 302.
 2. Heymans se rektorale rede, 1909.

In die kerk en op politieke gebied is daar verandering en skommeling; ook hier is Bavinck ten volle op hoogte en tree hy aktief op. As Bavinck nie naas die figuur van die magtige Abraham Kuyper opgetree het nie, sou hy waarskynlik nog meer na voor getree het. Hulle het mekaar aangevul: waar Kuyper 'n oorspronkliker, sprankelender gees was, daar was ¹⁾ Bavinck breër en geleerde. Toe daar ook op hom 'n beroep gedoen is om op politieke gebied sy party in die Eerste Kamer te dien, het hy nie geweier nie: Bavinck het sy invloed oor ²⁾ 'n groot gebied laat geld. Bavinck, 'n man van helder begrip, 'n gevoelige gees wat liewer waardeer as stry, het die hom-omringende strominge goed begryp en vertolk.

In die onderwyswêreld rondom 1900 was daar nie breedheid van uitsig nie en dit is treffend as 'n tydperk van ³⁾ „kikkerperspektief" gekarakteriseer. Die hele opvoeding het uit die kennis van twee metodes plus die sielkunde a la Herbart bestaan. Van prinsipiële studie was daar geen sprake nie; met uitsondering van Woltjer aan die Vrije Universiteit het niemand hom aan die skoolmeestersvak gewy nie. En die skoolmeester self het dit 'n vervelige eksamenvak gevind.

Bavinck gee nou 'n filosofies, psigologies en histories gefundeerde teorie aan die opvoeding. Om van die kikker na die voëlperspektief oor te slaan, het egter moeilik gegaan vir die onderwys.

(d) Strominge vooraf.

In die eerste hoofstuk is die strominge wat vooraf gegaan het, kortliks behandel. Om aan te sluit by die psigologie van Bavinck is dit egter nodig om op die volgende te wys.

Die psigologie het eers teen 1850 van die filosofie

-
1. Jaarsma: The Educational Philosophy of Herman Bavinck, 37.
 2. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 42.
 3. *Ibid.*

afgeskei. Fr. A. Lange met sy „Psychologie ohne Seele," het daartoe nie in 'n geringe mate bygedra nie. Die natuurwetenskaplike metode van ongeveer 1830 het die sintuigpsigologie laat ontstaan. Na die eerste triomf van Weber-Fechner kom Johannes Müller met sy senuwee-energie. Die atomiese opbou van die bewussyn word nagestreef. Die psigiese en fisiese monisme bestry hierna die populêre opvatting dat daar net soveel siele as mense bestaan. Hierdeur is die vraag oor die siel losgelaat en kon die denkers hulle met volle krag op die bewussynsverskynsels toespits.

Die induktiewe metode het die deduktiewe vervang.
Die mens het feite nagejaag en waar die empirie nie meer bevredig nie, word die eksperiment toegepas. Soos wiskunde en natuurwetenskap moet die psigologie nou eksak wees. Positiewe sielkunde was die troef.
¹⁾

Herbart het skepties teen die hoë verwagting van die eksaktheid van die sielkunde gestaan. ²⁾ Wundt werk in Leipzig met 'n keur van instrumente en leer om prikkels, gewaarwordinge, emosies, vermoeidheid, geheue en opmerksaamheid te meet. As Wundt ook die teorie van erflikheid van eienskappe in sy onderzoek betrek, volg daar 'n reeks kinderpsigologiese werke.
³⁾

Wundt se voluntarisme was 'n teenhanger van Herbart se intellektualisme. As daarby sy teologiese beskouingswyse geneem word, sien ons dadelik die moontlikheid dat van sy leerlinge die vraagstukke vanuit 'n prinsipiële standpunt kon benader. ⁴⁾ Die periode waarin Wundt rigting en toon aangegee het, word deur Meumann afgesluit. Hy wys op die onbe-

-
1. Van der Zweep: De Paedagogiek van H. Bavinck, 41.
 2. Bavinck: Beginselen den Psychologie, 28.
 3. Ibid., 29.
 4. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 177.

grensde moontlikhede van die mens se geestelike groei.

Külpe, een van Wundt se leerlinge, sien dat die stroom van die bewussyn vanuit diepere lae gerig word. Die „ek" word ontdek. Die totaliteitsgedagte gee aan die psigologie 'n nuwe inhoud en verleen 'n nuwe metode. Die dink- en wilspsigologie veronderstel iets, 'n vraagstelling of doelstelling wat deur die veelheid flits. 'n Niebewuste word onmisbaar. Stern bou op hierdie gegewens.

Die moderne psigologie verskil na inhoud en metode van die subjektiewe en vervang dit.

Na hierdie kort inleiding wil ons graag die psigologie van Bavinck onder die volgende hoofde behandel: Die doel van die psigologie, metode, vermoëns, intellektualisme of voluntarisme, ontwikkelingspsigologie, die optimisme, die nie-bewuste en die oorwinning van die siel.

2. Doel van die Psigologie volgens Bavinck.

(a). Omskrywing.

Bavinck se insig het reeds as student, waar hy geleer het om gemaklik met mense om te gaan,¹⁾ besonder verbreed.²⁾ Deur sy innerlike ontwikkelingsgang word hy pedagoog. Pedagogiek groei uit sy dogmatiek, sy wysbegeerte en sy psigologie. Die psigologie is vir hom die wetenskap, wat hom met die inwendige sielelewé van die mens besig hou, in 'n enger en ruimer sin opgevat.³⁾ As ons die woord psigologie letterlik verklaar as die leer van die siel, is dit 'n juiste omskrywing van wat Bavinck as grondslag vir sy psigologie lê. Hier word die woord „siel" in die klassieke sin geneem, naamlik dat die siel dan 'n eie, van die liggaam wesenlik onderskeie

1. Hepp: Dr. Herman Bavinck, 28.

2. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 5.

3. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 9.

1)

selfstandigheid is, met 'n eie oorsprong, wese en duur.
Tog val daar in die siel niks voor nie of die liggaam het daar deel aan, en omgekeerd.

Die gebied van die psigologie is verbasend ryk. In die tweede plek is dit dan vir Bavinck die wetenskap van die kragte en die werksaamheid van die menslike siel. As sodanig stel die psigologie hom dan as taak om die verskynsels van die sielclewe noukeurig vas te stel, dit tot die eenvoudigste gewens te herlei en dit sistematies saam te vat en te be-

2) skryf. Die gebied strek hom ook uit tot die differensiële
3) 4) psigologie, die psigologie van die kind, die psigologie van
5) 6) die rypere jeug, die psigologie van die volwassone, die
7) 8) psigologie van die vrou, die patologiese psigologie, die
9) 10) psigologie van die dier en die plantesiel.

Die opvoedkunde het tot grondslag die psigologie maar

-
1. Van der Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 43.
 2. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 11.
 3. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 38.
 4. Bavinck: a. Opvoeding der Rypere Jeugd, 139 - 145;
b. Paedagogische Beginselen, 60 - 62;
c. De Nieuwe Opvoeding, 40;
d. Verzamelde Opstellen, 185.
 5. Bavinck: Opvoeding der Rypere Jeugd, 13⁴.
 6. a. Ibid., 140;
b. Paedagogische Beginselen, 77.
 7. Bavinck: a. De Nieuwe Opvoeding, 51;
b. De Vrouw;
c. Opvoeding der Rypere Jeugd, 78.
 8. Bavinck: a. Verzamelde Opstellen, 200 - 201;
b. Paedagogische Beginselen, 62.
 9. Bavinck: a. Overwinning der Ziel, 14;
b. Verzamelde Opstellen, 185;
c. Gereformeerde Dogmatick, IV, 571.
 10. Bavinck: Overwinning der Ziel, 13.

Bavinck kla oor die ontoereikendheid van die psigologie in die
1)
tyd waarin hy skryf.

(b). Oorsprong van die Siel.

Die vernaamste teoriee^e omtreent die oorsprong van die
2)
siel is die pre-eksist^{ans}ianisme, die tradusianisme en die krea-
3)
sianisme. Terwyl Bavinck die eerste afwys, ken hy aan die
ander twee ongeveer dieselfde krag toe. Met die oog op sy
opvatting van die beeld van God en die eenheid van die mens-
4)
like geslag gee hy tog voorkeur aan die kreasianisme. Die
5)
siel is deur God geskape, dit sal terugkeer tot God wat dit
6)
gegee het en die gees van die mens is in sy binneste deur
7)
die HERE geformeerd.

Die opvatting is ook gehuldig deur Calvyn, Zwingli,
van der Kemp, Kuyper en Honig.

Hoewel ons aanneem dat God ons onsterflike siel ge-
skape het, hou die opvatting van die kreasianisme nie stand as
ons glo aan die erflikheid van geestelike eienskappe nie.
Ook is die Christelike opvatting van die erfsonde hiermee
moeilik te rym.

(c). Wese van die Siel.

Die Hebreeuse, Griekse en Latynse woorde wat die
mense vir die siel gebruik, wys almal na hulle afleiding op
wind, lug en asem. Die Nederlandse woord „gees”, wat met
die oudnoorse werkwoord „geisa” in verband staan, beteken

-
1. Brederveld: Hooflijnen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck met critische Beschouwing, 75.
 2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, II, 426.
 3. Waterink: De Oorsprong en het Wezen van de Ziel, 7 - 31.
 4. Bavinck: Beginsele der Psychologie, 41.
 5. Gen. 2:7.
 6. Pred. 12:7.
 7. Sag. 12:1.

1)

,,haastig" „voortbewegend".

Die wese van die siel is van belang vir sy verhouding: siel-gees. Onder siel verstaan Bavinck die innerlike lewensbeginsel van 'n organiese wese, waarvan die grond van sy verskynsels beweging is.²⁾ Engele is geeste,³⁾ ook God is 'n Gees.³⁾ Die mense is siele; by die mens is die gees tot siel georganiseer;⁴⁾ dit is tot lewensprinsipe van 'n stoflike organisme saam gestel.⁴⁾ Daar is dus 'n nuanse in die betekenis.⁵⁾ Ons moet twee sye van ons geestelike bestaan aanvaar. Die twee sye word soms deur siel en soms deur die woord gees aangedui.⁶⁾ Die siel is vir Bavinck 'n skepsel,⁷⁾ en dus beperk, terwyl die wese van die siel ook moeilik bepaal kan word.

(d). Siel en Gees.

Volgens Bavinck is hier nie van twee substansies sprake nie.⁸⁾ Gees en siel dui dieselfde innerlike mens aan, maar van verskillende sye besien. In weerwil van wat daar alles oor die siel en gees gesê word, oor toestande en werkzaamhede wat nou aan die siel en dan weer aan die gees toegeken word, is daar geen substansiële verskil nie.

Bavinck beskryf sy standpunt oor die siel van die mens, oor die gees van die mens en oor die siel en gees besonder breedvoerig.⁹⁾ Die woorde siel en gees word meermale naas mekaar gebruik en afgewissel: ons praat van siel en

-
1. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 32.
 2. Hebr. 1:14.
 3. Joh. 4:24.
 4. Bavinck: op. cit., 41.
 5. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 58.
 6. Jaarsma: The Educational Philosophy of Herman Bavinck, 73.
 7. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, IV, 571.
 8. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 58.
 9. Ibid., 30 -59.

liggaam, dan weer van gees en vlees, gees en liggaam. Sterwe word soms as oorgawe van die siel en dan weer van die gees aangedui; afgestorwenes word soms siele dan weer geeste genoem. Paulus noem ook siel en gees naas mekaar terwyl hy,
1) soos die hele Skrif, tussen beide onderskeid maak.

Maar dat hy hierby aan twee onderskeie substansies sou gedink het, vind sy weerlegging daarin, dat hy elders altyd slegs van twee bestanddele van die mens spreek, naamlik
2) van gees en liggaam of gees en vlees of vlees en gedagtes.
Rom. 8:10; 1 Kor. 5:5; 7:34; 2 Kor. 7:1; Ef. 2:3;
Kol. 2:5.

3. Bavinck se metode van die Psigologie.

(a) Konstateer, beskryf, klassifiseer en daarna verklaar.

Die metode van die psigologie vereis volgens Bavinck opsetlike bespreking, omdat dit met heel eienaardige moeilikhede te kampe het. Die psigiese verskynsels vertoon 'n besondere karakter; hulle is geestelik en kan nie met ons vyfsintuie waargeneem word nie. Die psigiese verskynsels is ruimtelos en het geen afmetings van lengte of breedte of hoogte nie en ofskoon hulle aan die tyd gebonde is, het hulle tog geen duursaamheid nie, maar is in elke mens aan onophoude-
3) like verandering onderworpe. Die psigologie is 'n ervaringswetenskap. Kenmerkend van so 'n wetenskap is dat dit die feite wat binne sy terrein val so noukeurig as moontlik moet konstateer en beskryf, dit dan klassifiseer en daarna die samehang verklaar. Die vraag kom dan langs welke weg die psigiese verskynsels benader moet word om daarvan enige betroubare kennis te kan bekom.
4)

-
1. 1 Kor. 2:14; 15:44.
 2. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 59.
 3. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 11.
 4. Ibid., 12.

Bavinck noem die induktiewe en deduktiewe metodes en onder eersgenoemde beskryf hy selfwaarneming, die objektiewe metode en die eksperimentele metode.

(b). Die Induktiewe Metode.

(1) Selfwaarneming.

1)

Selfwaarneming of introspeksie is die eerste metode wat Bavinck aanbeveel. Sedert Locke geld dit as hoofbron.²⁾ Wetende weet ons ook dat ons weet. Nie ons oog en oor neem eintlik waar nie, maar ons siel - die gemeenskaplike sin - neem waar deur middel van die oor en die oog. Dit is dieselfde gemeenskaplike sin wat van die waarneming bewus word ³⁾ en uit verskillende gewaarwordingselemente een geheel vorm. Dit is in sy psigiese werksaamheid slegs oordragtelike selfwaarneming te noem, want dit is 'n onwillekeurige, onopsetlike bewustheid en volstrek nie onfeilbaar nie. Gelukkig egter bewaar die geheue die vroeëre waarnemings. Ons sien nie alleen na buite nie maar ook na binne en is tot onsself ingeker. Dit is die introspektiewe en tewens ook die retrospektiewe metode waardeur ons ons eie sielelewé leer ken. Tereg ⁴⁾ Bavinck: „Het is de fundamentele van alle psychologie.”

Die siel gaan aan die natuur, die psigologie aan die fisika vooraf. 'n Mens kan die siel nie tot die natuur herlei nie, omdat dit altyd, reeds by die eenvoudigste gewaarwording van die uitwendige wêreld, meegebring en veronderstel word.⁵⁾ Hoewel die Franse wysgeer getrag het om aan te toon dat die metode onbetroubaar is en nie onder die bronre van die psigologie moet verskyn nie, word tans erken dat dit onmisbaar is, nie alleen vir die subjektiewe nie, maar

-
1. Bavinck: Overwinning der Ziel, 22.
 2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 55.
 3. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 39.
 4. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 13.
 5. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 176.

ook vir die objektiewe psigologie.

Bavinck wys ook op die gebreke by selfwaarneming. Bewus of onbewus, onwillekeurig of opsetlik, staan beide die objek, wat ons in ons waarneem en die subjek in ons, wat waarneem, onder die invloed van selfsug. Ons oordryf ons deugde en verberg ons gebreke. Outobiografieë, dagboeke, bekeer-skrifte en selfbekentenisse ontsnap byna nooit aan die gevare¹⁾ nie.

Tog as alle selfwaarneming onmoontlik was, sou die psigologie ophou om te bestaan. Selfs die eksperimentele metode is op die moontlikheid van selfwaarneming gebou, omdat interpretasie van die daardeur waargenome verskynsels kennis van onself veronderstel.

(ii) Objektiewe Metode.

Net so min as die kennis van een plant vir ons die terrein van die plantkunde kan dek, net so min kan die kennis van een siel 'n komplete psigologie lewer. Die subjektiewe psigologie moet deur die objektieve aangevul word. Dit is egter ook in sekere sin subjektief, want dit is eintlik die subjektiewe van en by ander wat waargeneem word.

Deur die historiese metode word die introspektiewe metode gesterk en gekontroleer. Tweelei metodes kan hier gevolg word. Ons kan die persoon waarneem vir sover hy hom aan ons openbaar in gelaat, houding, gebare, woorde, dade, dagboeke. Ook kan ons gebruik maak van waarneminge en ondersoekinge wat deur ander ingestel en deur woord of skrif meege-deel is. Die geskiedenis van mens self, of van groepe soos dit geopenbaar word in taal, godsdiens, sedes en kuns; beskrywinge soos dit voorkom in biografieë, karakterstudies en

1. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 16.

veral die Heilige Skrif, is belangrike hulpmiddels by die studie van die psigologie.

Die objektiewe metode is nuttig by die ondersoek na die sielelewé van kinders, natuurvolke, kranksinniges, misdaigers, selfs van mense in slapende, dromende of hipnotiese toestand. Daar moet egter nie uit die oog verloor word nie dat die gesonde lewe nie uit die kranke, maar die kranke lewe ¹⁾ uit die gesonde verklaar moet word.

Ook hier is die gevær van gissing en dwaling nie uitgesluit nie, veral ook omdat die mens geneig is om die innerlike, wat nie waargeneem kan word nie, te verberg. Dade sien ons, maar die motiewe raai ons. Woorde hoor ons, maar wat daarby gedink is, vermoed ons. Ons oordeel altyd te gunstig ²⁾ of te ongunstig. Daar is 'n ruim veld geopen vir voorliefde en vooroordeel, vir bedrog van ander of van onsself, vir opsetlike of onopsetlike onwaarhede. Hier skakel Bavinck ook ³⁾ die empiriese metode by, 'n term „die zich in de gunst van prof. Bavinck niet verheugen mag," ⁴⁾ ⁵⁾ Hierop word verder in die volgende afdeling die aandag gevestig. As die psigologie daarna streef om geheel en al objektiewe psigologie te word, ⁶⁾ is dit op 'n dwaalspoor en stel 'n onbereikbare ideaal voor. Bavinck wys egter daarop dat die metode 'n ryke aanvulling ⁷⁾ is.

(iii) Eksperimentele Metode.

Onder die induktiewe metode is daar ook die eksperi-

-
1. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 16.
 2. Ibid.
 3. Ibid., 20.
 4. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 36.
 5. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 66.
 6. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 176.
 7. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 17.

ment. Daar is 'n verskil tussen die empiriese en eksperimentele psigologie. Die empiriese psigologie gebruik verskilende metodes: die ~~observasiem~~¹⁾metode en die eksperimentele metode.²⁾ Die eksperimentele psigologie daarenteen gebruik die eksperimentele metode en is dus 'n onderdeel van die empiriese psigologie.

Bavinck noem in die derde plek dan die eksperimentele metode.³⁾ Namate in die vorige eeu die psigologie as 'n natuurwetenskap opgevat is, moes by die beoefening daarvan ook die metode van die natuurwetenskaplike eksperiment in gebruik geneem word. Die eksperiment verskaf geleentheid om bepaalde bewussynstoestande nog skerper as voorheen waar te neem en te ondersoek. Daar bestaan vir Bavinck geen twyfelinne dat hierdie metode op psigiese terrein kan en mag toegepas word. Tussen siel en liggaam is daar 'n nou verband.

,,De experimentele methode heeft daarom recht van bestaan en heeft ook reeds uitnemende resultaten opgeleverd!"⁴⁾

Die eksperiment bring verskynsels planmatig en doelbewus onder verskillende omstandighede en voorwaardes na vore. Die eksperiment stel 'n vraag aan die natuur en dwing dit om die vraag te beantwoord: dit is 'n proef om te wete te kom wat die verskynsels wat onder bepaalde voorwaardes voortgebring is, te sê het aangaande hulle eie aard en verloop. Waar moontlik word die noukeurigheid van die ondersoek deur die bybrenging van instrumente verhoog.⁵⁾ Die eksperimentele ondersoek kan die psigiese verskynsel benader deur die aandag regstreeks op die verskynsels self te rig, maar ook deur 'n omweg.⁶⁾ In menige opsig word noodsaaklike dinge deur

1.Bavinck: „Richtingen in de Psychologie”, in Paedagogisch Tydschrift, Aflew. I, 5 - 7.

2.Bigot, Kohnstamm en Poland: Leerboek der Psychologie, 31.

3.Bavinck: „Kinderstudie”, in Paedagogisch Tydschrift, Mei 1913.

4.Bavinck: Beginselen der Psychologie, 17.

5.Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 37.

6.Bavinck: Verzamelde Opstellen, 17⁴⁾.

1)
hierdie metode aan die lig gestel.

Bavinck wys op ses moontlike gevare wat die metode
2)
inhou en dring veral op versigtigheid aan. Ten eerste is daar nooit, veral in die psigologie, enige waarneming wat nie meebring en uitgaan van allerlei metafisiese begrippe nie soos: ding, wese, eienskap, is, word, verandering, oorsaak, krag, ensovoorts. Hieronder kan daar van wetenskaplike waarneming nie sprake wees nie.

Tweedens is dit 'n verkeerde mening dat waarneming en konstatering van bewussynsverskynsels heeltemal onbevooroordeeld, suiwer objektief en volkome eksak kan wees. Die
3)
subjektiewe speel hier ook 'n rol.

Derdens het die toepassing van die empiriese metode geen eenheid en ooreenstemming gebring nie: verdeeldheid en onsekerheid het ingesluip. Selfs voorstanders van die empiriese metode uit dieselfde skool soos Fechner en Elsas, Wundt
4)
en Münsterberg, Ziehen en Müller verskil oor die eenvoudig-
5)
ste verskynsels van die sielelewe.

Hieruit kom ook die vierde gevær, naamlik dat dit nie so eenvoudig is om die psigiese verskynsels so maklik te konstateer as wat die meeste aanvaar het nie. Daarvoor is die sielelewe te onoorsienbaar ryk.

Die empiriese psigologie moet hom daarom beperk tot een enkele verskynsel uit die veelsydige verband waarin die werklikheid voorkom. Hierdeur word die verskynsel uit sy verband geruk.

-
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 69.
 2. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 18 - 21.
 3. Ibid., 19.
 4. Ibid., 20.
 5. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 36.

Vyfdens is die sielelewe so breed en diep dat die registrering van verskynsels nie genoeg is nie: dit moet georden en geklassifiseer word. Om dit te orden en te klassifiseer, moet daar leidende gesigspunte wees, want die mens kies uit en gee voorkeur aan verskynsels wat nie aan die empirie nie,¹⁾ maar aan sy eie insig ontleen is.

Ten laaste beweer Bavinck dat wetenskap verklaring is. As die psigologie 'n wetenskap wil wees, kan dit nie by 'n beskrywing van verskynsels bly staan nie, maar dit moet trag om die oorsaak na aanleiding van die verskynsels op te spoor.

Hieruit lei Bavinck af dat 'n suiwer beskrywende psigologie (dit is 'n bewussynspsigologie wat by bewussynsverskynsels bly staan en nie deurdring tot agter die bewuste nie,²⁾ streng gesproke nie op die naam van wetenskap aanspraak mag maak nie.³⁾

Waarneming is nodig en goed, maar deur die denke kom mens tot die oorsprong en wese, tot wette en doeleindeste van die verskynsels.⁴⁾

Bavinck beskou die waarneming nie alleen goed nie maar ook noodsaaklik: dit moet vooraf gaan. Deur vooraf waar te neem, kan daaruit deur die denke tot die oorsprong en wese, tot wette en doeleindeste besluit word. Die denke gee dus aan die psigologie, net soos aan alle ander wetenskappe, eers die eintlike wetenskaplike karakter. Dit ontdek die logiese, die idee, die wet in die verskynsels.

Bavinck se ses moontlike gevare wat die metode inhoud, dring veral op versigtigheid aan. Rombouts beskul-

-
1. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 20.
 2. Ibid., 21.
 3. Ibid.
 4. Ibid., 18 - 21.

skuldig Bavinck van 'n tekort aan waardering, en ook daarvan dat Bavinck die beoefenaars van die nuwe psigologie as slordig en naïef beskou deur op al die kleinere gevare van die eksperiment te wys.¹⁾ Hulle ken hulle moeilikhede self.

Hierdie beskuldiging is ten onregte: Bavinck het goed ingesien dat die psigologie 'n wesenlike ander objek het as die natuurwetenskap en dat dit daarom versigtig moet wees met 'n metode wat aan die natuurwetenskap ontleen is. Ons het getrag om aan te toon dat Bavinck ten volle bewus was van die waarde van die eksperimentele metode.

(c) Deduktiewe Metode.

Genoemde drie metodes kan onder die algemene benaming induksie saamgevat word. Die metode van denke, wat van die laere trag op te styg na die hoëre, word induksie genoem. Die metode wat die omgekeerde weg volg en uit die algemene, dit is die noëre, die besonderhede, dit is die laere aflei,²⁾ word deduksie genoem.

Achter die feite wat deur induksie gevind en gerangskik is, verskuil daar 'n „iets" wat nie waargeneem kan word nie, maar wat alleen uit feite afgelei kan word. So vul die deduksie die induksie aan. Ten slotte is daar nog die spekulatiewe, metafisiese metode, wat oor die siel en sy vermoëns as verklaringsgrond van die feite sy lig laat skyn.³⁾⁴⁾

Ons moet daarop let dat Bavinck die terme analise en sintese in hulle oorspronklike vorm gebruik, wat presies die teenoorgestelde is van die moderne gebruik.⁵⁾ Hy gebruik dit op die volgende wyse: analise beteken ontbinding; dit

-
1. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 68.
 2. Bigot, Kahrstamm en Poland: Leerboek der Psychologie, 104.
 3. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 173.
 4. Van der Zweep: De Paedagogiek van H. Bavinck, 44.
 5. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 21⁴ - 215.

gaan dus induktief te werk, styg op van die besondere na die algemene, van die konkrete na die abstrakte; van die gevolg na die oorsaak. Sintese daarenteen, beteken samestelling en bewandel die teenoorgestelde weg.

4. Sy Vermoënsleer.

(a) Vermoënsleer reeds by Aristoteles.

Die vermoënsleer het reeds by Plato en Aristoteles
1)
voorgekom en is ernstig bestry. Bavinck sê van die vermoëns:

„Iimmers hebben wij daaronder nu niets anders te verstaan dan eene der ziel van nature eigene geschiktheid tot eene psychische werkzaamheid.”²⁾

Aristoteles onderskei die wil- en kenvermoë as twee sentrale kragte van die menslike siel. Na hom en veral vandat Kant op die toneel verskyn het, is daar nog 'n derde vermoë bygebring, naamlik die gevoel.

(b) Kenvermoë: Daar sal later op gewys word dat Bavinck met sy vermoënsleer 'n baie ongelukkige opvatting gehad het.
3)
Onder die kenvermoë groepeer hy: Aangebore kennis,
4) gewaarwording,
5) waarneming,
6) onbewuste voorstellinge,
7) geheue en verbeelding, verstand en rede, gewete en skoonheidsbesef,

-
1. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 43.
 2. Ibid., 53.
 3. Ibid., 76 - 88; Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, I, 219.
 4. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 88 - 94.
 - 5.a. Ibid., 94 - 98;
b. Bavinck: „Het Onbewuste”, in Verzamelde Opstellen,
183 - 207.
 6. Bavinck: a. Beginselen der Psychologie, 98 - 109;
b. Gereformeerde Dogmatiek, I, 232 e.v.
 7. Bavinck: a. Beginselen der Psychologie, 114 - 122;
b. Overwinning der Ziel, 23;
c. Verzamelde Opstellen, 185 - 208.

1) 2)
die selfbewussyn en die taal.

(c) Die Begeervermoë. Hier behandel hy eers die onder-
skeid met die kenvermoë,³⁾ daarna natuurlike begeervermoë, die
instinkte,⁴⁾ begeer, aandoeninge, hartstogte, die wil en die
wilsvryheid.⁵⁾

Bavinck skryf,⁶⁾ sy, "Beginselen der Psychologie," in 1897
in die tydperk toe die vermoënsleer die enigste bolwerk was
teen die „Psychologie ohne Seele," daarom is dit ook nie
vreemd dat Kuyper sy boek in De Heraut so uitbundig aangeprys
het nie.⁷⁾ Dr. Hepp egter noem hierdie boek „het minst ge-
lukkige van al zijn werken," maar kort hierop laat hy tog
volg: „Want welke aanmerkingen ook op deze „Beginselen der
Psychologie" kunnen worden gemaakt, nog altijd verscheen er
van onze zijde niets, wat er ook maar eenigzins mee concurree-
ren kan."⁸⁾

Die groot voordeel vir die tyd waarin Bavinck
skryf, het daarin geleë dat 'n mens nie by sielsverskynsels op
sigself bly staan het nie, maar dieper gedaal het tot die
geskiktheid, die natuurlike aanleg. Verder veronderstel die
vermoënsbegrip tog iets wat 'n vermoë het. Dic mens is nie
meer 'n outomaat nie: agter alle psigiese gebeurtenisse tree
as georganiseerde beginsel die „ek" op.

Bavinck meen dat die opvoeding die psigologie ten
grondslag het, maar ons tref dit gedurig in sy werke dat hy
kla oor die ontoereikendheid van die psigologie vir die tyd

-
1. Bavinck: a. Beginselen der Psychologie, 122 - 125;
b. Verzamelde Opstellen, 185 - 208.
 2. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 125 - 130.
 3. Ibid., 130 - 134.
 4. a. Ibid., 134 - 142.
b. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 194.
 5. Bavinck: a. Beginselen der Psychologie, 142 - 178;
b. Gereformeerde Dogmatiek, 347 - 425.
 6. Van der Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 44.
 7. Bavinck: Beginselen der Psychologie. Woord vooraf, 5.
 8. Ibid., 8. (9 Febr. 1923).

waarin hy skryf. Die vermoënspsigologie vind hy nie as vol-doende om die weg na die selfstandigheid van die psigiese lewe te handhaaf in sy afhanklikheid van die objektiewe wêreld nie.
1)
Die nuwe psigologie vind hy egter nog gebrekkiger. Die vermoënsleer met sy loutere klassifikasies van psigiese ver-
2)
skynsels hou tog vir die Christelike denke waarhede in wat onvervaag gehandhaaf moet word.

Eerstens word dit duidelik uit hierdie leer dat die siel nie alleen die geskiktheid tot werkzaamheid besit nie maar as 't ware ook die noodsaaklikheid. Die lewende siel moet aktief die weë gaan wat aan hom in die vermoëns gegee is. Die siel kan nie sy vermoëns negeer nie; hy is altyd kennende en begerende.

Tweedens is die opvatting dat die siel twee soorte handelinge het, naamlik 'n ken- en begeerakte, nie heeltemal juis nie. Die siel bring nie soms die een en dan weer die ander vermoë in werking nie, want die vermoëns lê nie langsmekaar nie maar inmekaar. As die siel ken, reageer hy gelyktydig met sy funksie van begeer en as hy begeer, sluit dit ook die ken in. Die funksies word onderskei maar nie geskei
3)
nie.

Derdens het die ou vermoënspsigologie te veel op die vermoëns gelet wat in aksie kom en die onbewuste oor die hoof gesien. In die siel groei ook iets wat die grondfunk-sies wysig en die ghele sielsgesteldheid mede bepaal.

In die vierde plek moet ons daarop let dat die vermoënspsigologie uit die Griekse gedagtewêreld ontwikkel het, wat beweer dat sonde 'n tekort aan begrip is, en dat deug

-
1. Sien Brederveld: Hoofdlijnen der Paed. van Dr. H. Bavinck,
45.
 2. Bigot, Kohnstamm en Polland: Leerboek der Psychologie, 262.
 3. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 24.

kennis is. Hier teen moet die Christelike psigologie waak. Die Bybel onderskei skerp tussen die funksionele en die sedelike. Die denke en die funksie van begeer is op sigself nie goed of kwaad nie, maar dit kom daarop aan watter krag homself van die denke en begeerte meester maak. Naas die funksionele moet ons ook die sedelike onderskei.

(d) Opmerking:

J.H. Bavinck gebruik die woord funksies en definieer dit soos volg:

„een functie is een van nature aan de ziel eigen geschiktheid tot psychische werkzaamheden, welke geschiktheid ieder oogenblik als van zelf, organisch tot actualiteit komt.”¹⁾

Later was H. Bavinck ook skynbaar huiwerig om die woord vermoëns te gebruik ²⁾ en praat dan van „faculteiten der Ziel.”³⁾

J.H. Bavinck onderskei vyf funksies, naamlik ont-⁴⁾ vangende, bewarende, verbindende, waarderende en verlangende, maar hy meen tog dat die sielelewé nie daarin kan oepgaan nie. Die sedelike kragte wat hulle in die funksies verwerklik, moet ondersoek word. Die sedelike wet kom in die groot gebooie wat in Matth. 22: 37-39 aangegee is, voor:

„Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.” En „Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”

Die sedelike karakter van die mens word deur sy liefde bepaal: liefde tot God, liefde tot sy naaste en liefde tot homself. Die liefde tot jouself is die „Ek”-drif, liefde tot jou naaste, die sosiale drif en die verlange na God of liefde tot God is die hoogste liefde.⁵⁾ In sy ver-

1. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 25.

2. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 77.

3. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 62.

4. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 31 - 255.

5. Ibid., 27.

dorwenheid is die mens geneig om God te haat.

5. Intellektualisme of Voluntarisme.

(a) Bavinck is Digotomis.

Alle skrywers oor Bavinck kla dat hy dit vir sy leser nie gemaklik maak nie.¹⁾ Hy neem aan dat die leser 'n breete kennis van die wetenskappe besit en hoe objektief en breedvoerig hy ook al die verskillende strominge beskou, dit word nooit op 'n afgepaste wyse gedoen nie.²⁾ Hy gebruik die feite na gelang die stof dit vereis, soos iets waarmee 'n mens reeds op hoogte is.

Bavinck was altyd meer filosoof as psigoloog; daarom sê hy ook:

„Want de zielkunde, hoe empirisch ook beoefend, blijft steeds een wijsgeerig wetenschap.”³⁾

Hierdie bewering maak hy in 1920, meer as twintig jaar nadat sy „Beginselen der Psychologie” geskryf is.

Aanvanklik is hy dan ook digotomis en bly dit in 'n groot mate. Digotomie is 'n twee-vermoënsleer. Hy sluit aan by die beskouing van Aristoteles met 'n kenvermoë wat die indrukke van buite opvang, en 'n streefvermoë wat na buite werk.⁴⁾ 'n Oortuigde digotomis was Bavinck egter nooit. Reeds in sy eerste psigologiese geskrifte skemer die besef van moeilikhede van hierdie leer deur.⁵⁾

-
- 1.a. Bavinck: Primaat van Verstand of Wil, in Verzamelde Opstellen, 208 - 214.
 - b. Sien Woltjer: Intellectualisme in Paedagogisch Tydschrift 1910, 177 - 193.
 2. Brederveld: Hoofdlijnen der Paedagogiek van Dr. Bavinck, 9.
 3. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 13.
 4. Sien Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 32.
 5. Van Klinken: Bavinck's Paed. Beginselen, 16.

1)

(b) Primaat van Verstand of Wil.

Seker een van die beste sketse wat Bavinck ooit
geskryf het, is vir ons bewaar. Dit handel oor die belang-
rike vraag of voorrang aan die verstand of aan die wil gegee
moet word. Van besondere belang is hierdie opstel omdat dit
ons 'n insig gee in die later opvatting van Bavinck oor hier-
3)
die kardinale vraagstukke.

Tot 'n besluit oor hierdie vraag kom Bavinck eintlik
4)
nie. Die intellektualisme wat die verstand primêr stel, so-
5)
wel as die voluntarisme wat die wil as die belangrikste ag,
wys hy af. Hier is geen eerste en laaste, hoër of laer een-
heid van die persoonlikheid nie. Ons het met 'n geheel te
6)
doen.

Suiwer psigologies gesproke bring die probleem nie
veel na vore nie, indien daar vasgestel word wat met primaat
of primaatskap bedoel word. Soms word daarmee bedoel die
vermoë wat domineer, dus die dominant van die menslike siel.
As die saak so opgevat word, sou daar baie gevalle voorkom
waar die mens hom meer deur sy gevoelens, simpatieë en antipa-
tieë laat lei, as deur sy verstand; dat sy streefvermoë
dus primêr en sy kenvermoë sekondêr is. Maar dit gaan nie
7)
om die dominant nie. In die psigologie gaan dit met die
vraag na primaat nie om die vermoë wat soms of dikwels oor
ander heers nie, maar dit gaan om die logiese orde wat in
8)
die normale siclelewe aanwesig is. Thomas het gelyk as

-
1. Bavinck: „Primaat van Verstand of Wil”, uit Paedagogiek, Tijdschrift voor het Christelik Onderwijs. Mei 1920, 15 - 20.
 2. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 208 - 214.
 3. Bavinck: Beginselen der Psychologie, hoofstukke V en VI.
 4. Sien Bavinck: Verzamelde Opstellen, 83.
 5. Bavinck: Geref. Dogmatick. II, 199.
 6. Bavinck: wysbegeerte der Openbaring, 183.
 7. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 213.
 8. Rombouts: Ziellundige Begrippen, 8.

hy aan die verstand, die kenvermoë die primaatskap toeken in teenstelling met andere wat die strewe as grondslag sien. Wat ek nie ken nie, waarvan ek nie weet nie, wek geen gevoel by my nie en nog minder kan ek daarna strewe. Sonder voorstellinge, begrippe en kenniselemente is wilsverskynsels onverstaanbaar. In soverre is die kenvermoë en die streefvermoë sekondêr.

Bavinck handhaaf die eenheid van die persoonlikheid so sterk dat die onderskeiding van verstand en wil alle gedagte van skeiding uitsluit. Albei is kostelike gawes van God en daar kan nie van 'n primaat van die een oor die ander gespreek word nie.
1)

(c) Die Prioriteit van die „Ek”.

Ons is almal bewuste wesens en die „ek” en ons bly dieselfde, niteenstaande alle veranderinge wat uitwendig en inwendig deur die loop van jare met ons plaasvind. Die „ek”, bly die eenheid en identiteit van die persoonlikheid en die ek staan onwankelbaar. Die eenheid van die persoonlikheid is subjektief deurdat alle gedagtes, voorstellinge en begeertes in die bewussyn as sy eie geken en erken word.
2)

Bavinck wys dus die intellektualisme sowel as die voluntarisme van die hand en met sy standpunt van funksionele neutraliteit word die prioriteit van die „ek” gewaarborg.

3)
6. Die Ontwikkelingspsigologie.

(a) Die Evolusieleer en - psigologie.

By die behandeling van die ontwikkelingspsigologie lê die geskoold Bavinck besondere begaafdheid aan die dag. Nie alleen is hy tot in die besonderhede op hoogte met die

-
1. Bavinck: Paedagogisch Tijdschrift, Mei 1920, 21.
 2. Bavinck: De Overwinning der Ziel, 27.
 3. Bavinck: Schepping of Ontwikkeling.

opvattinge van die rigting nie, maar sy blik is hier besonder skerp en sy styl van skrywe groots waar hy die ewolusieleer
1) aantas.

Volgens die ewolusieleer is die wêreld in die loop van duisende eue deur geheimsinnige maar volgens 'n bepaalde doelstrewende natuurkrag geword wat dit tans is. Uit die newelmassa van die begin is kosmos gevorm. In die kosmos ontstaan uit die anorganiese langsaferhand die organiese: uit die dood ontstaan die lewe, uit die plant die dier, uit die dier die mens. Die mens, begaafd met verstand en wil,
2) ontwikkel geleidelik tot die 20ste eeu se kultuurmens. Die twintigste eeu se mens, met kennis toegerus soos nooit tevore nie, kan die ewolusieproses bewus in bepaalde bane lei. Hy is regeerder van die aarde met geen soewerein bo hom nie; hy is die voorsienigheid self op aarde. Kennis is vir hom mag; om te weet, is om vooruit te sien; arbeid is skep en om te skep is goddelik.

Die ontwikkelingspsigologie het as metode twee ondersoeksterreine. Eerstens word ondersoek die ontwikkeling van die individuele mens en tweedens die ontwikkeling van 'n volk of stam. Waar die eerste hom veral met die kinderleeftyd besig hou, is die ander besig om gegewens te ontleen aan primitiewe volke, aan die beginstadium van die kultuur.

Die ontwikkelingspsigologie is van resente datum. John Locke en Rousseau wys op kinderstudie en eiesoortigheid van die kindersiel. Eers in die laaste helfte van die 19de eeu tree hier groot verandering in. Darwin open 'n nuwe veld van ondersoek met sy studie van emosies by primitiewe mense.
3) Ernest Haeckel met sy embriologiese ondersoek stel die

-
1. Sien V.d. Walt: Die Wysbegeerte en Wetenskapsleer, 300.
 2. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 15.
 3. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 108.

biogenetiese wet op. Hy ontdek ooreenkoms tussen die embryo's van die hoë en laer diere en beskou dit as belangrike bewys vir die ewolusieteorie. Sy bekende rekapitulasie-hipotese formuleer hy soos volg: Die ontogenie is 'n korte, snelle rekapitulasie van die filogenie. Met ander woorde, die ontwikkeling van elke individu herhaal, versnel en verkort die ontwikkeling van sy soort.¹⁾

Die ewolusioniste het hierdie hipotese as teorie van onomstootlike betekenis beskou op die gebied van die psigologie.²⁾ Afleidings uit die hipotese is legio. Met 'n skerp blik deursien Bavinck die baie konsekwensies. Die mens is dan 'n louter produk van omstandigheid. As ons die omstandighede verander, verander ons ook die mens. Die leer bring ons tot die optimistiese beskouing dat die opvoeding almagtig is. Maar Bavinck kyk nie alleen vooruit nie, hy kyk ook terug. Die menslike siel het dus uit die dieresiel en laasgenoemde weer uit die plantesiel ontstaan; die verskil is dus maar graueel.³⁾ Dit gaan vir Bavinck hier ook nie om die gekonstateerde feite nie, maar om die onregmatige konklusies.⁴⁾

By die bestryding van die ontwikkelingsleer - hoewel skepping en ontwikkeling volstrek nie in elke opsig teenoor mekaar staan nie - kom Bavinck se ryk polemiese talent op baie maniere tot uiting. As hy in sy grootse styl hierdie verstrekende teorie prinsipieel die loef afgesteek het, sê hy: „Een volslagen bankroet, zedelijk en geestelijk, is het einde der moderne wereldbeschouwing.”⁵⁾

Die mense was diere en sal dit bly. Daarom, soos dit met die mens gaan, so gaan dit met die mensheid. So is

-
1. V.d. Zweep: De Paedagogiek van H. Bavinck, 46.
 2. Bavinck: Evolutie in Verzamelde Opstellen, 109.
 3. Ibid., 117.
 4. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, 473 - 484.
 5. Bavinck: Schepping of Ontwikkeling, 51.

die ontwikkelingsleer:

„Het kind leeft voor het oogenblik, die jongeling dweept met zijn idealen, de man streeft naar kennis en rijkdom en eer, en dan komt de grijsaard, ziet de ijdelheid van alle streven in en legt tevenzat het moede hoofd ter ruste. Zoo doorleeft ook de menschheid haar kindsche, haar jongelings-, haar mannelijke jaren. Daarna wordt zij oud en verliest hare kracht. Aan het einde ziet zij de ijdelheid in van al haar streven en worstelen en jagen. Dan laat zij alle hoop varen, komt tot de ontdekking, dat deze wereld de slechtst mogelijke is en beter nimmer hadde bestaan, en begeert dan niets dan rust en stilte, de rust van den dood, ^{die} stilte van het graf, de eeuwige smarteloosheid van het niet ! "1)

Met skerpe blik, duidelik en in sy pragtige styl word die feite blootgelê. Daarteenoor: „Wij Christenen hebben echter, Gode zij dank ²⁾ eene andere hope en eene gronder verwachting."

In die ontwikkelingspsigologie is daar baie menslike trots, eensydigheid, oordrywing en dwaasheid. „Want uit Hom ³⁾ en deur Hom en tot Hom is alle dinge."

(b) Erflikheid van die Sonde en Psigiese Eienskappe.

Die benaming vlees in die Heilige Skrif en insonderheid soos Paulus dit meermale gebruik, duï die ganse natuurlike psigiese van die Gees van God verstoek toestand aan. Hierdie toestand waarin die mens by sy geboorte intree, en wat hy behou, totdat hy deur weder-geboorte van bo verander ⁴⁾ en vernu word. Die benaming vlees sluit dan in die „natuurlike", louter psigiese, ongeestelike, sondige toestand waarin die mens verkeer. Dit is die mens eie, nie op latere leeftyd verwerf nie, maar van sy geboorte af. Dit sluit die belydenis van aangebore sedelike verdorwenheid in, wat by die kerk as erfsonde bekend staan.

-
1. Bavinck: Schepping of Ontwikkeling, 50 - 51.
 2. Ibid., 51.
 3. Rom. 11:36.
 4. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 106 - 128.

Eerstens is die sonde algemeen. Alle mense sondig, doen nie goed nie, het afgewyk, het ontaard en die hele wêreld
1) is doemwaardig voor God. Die enigste uitsondering hierop is Christus. Tweedens leer die Skrif dat die sondige toes-stand by enkele mense eers op later leeftyd ten gevolge van 'n bepaalde oortreding intree, soos by Adam. Tog was die sonde die mens eie van sy jeug af, hy is belaai met skuld,
2) sedelik bedorwe en onrein, aan ellende en dood onderwerp. Derdens voeg veral Paulus daaraan ter verklaring toe dat die sedelike verdorwenheid daarom van nature aan elke mens eie is, terwyl die mens as 'n organisme beskou, in juridiese, etiese en fisiese sin een is. Al die nakomelinge van Adam
3) het deel aan die skuld en smet met al die gevolge. Die sonde van Adam is geen persoonlike, individuele oortreding
4) nie, maar 'n oortreding van die mensheid in sy persoon.

Bavinck wys daarop dat die leer wel deur die Christelike onderwyser bely en geglo word, „maar in die paedagogiek
5) hooren zij er nooit over spreken.”

Die ewolusie glo aan oorerwing en skynbaar is hier
6) 'n groot ooreenkoms. Oorerwing is 'n onweerspreekbare feit. Wat egter vasstaan, is dat die plante nog plante, die diere nog diere en die mense nog mense is; daarby bring elkeen nog sy eie soort voor. „Men leest geenedruif van doornen
7) en geene vijgen van distelen.” Daar is 'n erflike seën maar ook 'n erflike vloek.

Die eerste mens is die stamvader van almal.

-
1. 1 Kon. 8:46; Ps. 14:1-3; 143:2, Rom. 3:10-19.
 2. Gen. 8:21; Job. 14:4; Ps. 51:7; Joh. 3:6.
 3. Rom. 5:12; 1 Kor. 15:22.
 4. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 129.
 5. Ibid., 131.
 6. Ibid., 132.
 7. Ibid., 133.

Die erfsonde is die fontein van die stroom van alle ongereg-tigheid in die mensheid, want dit ontspring in die menslike natuur self. Welke rigting die stroom egter by 'n volk, 'n familie, 'n individu inslaan, welke snelheid dit aanneem, in welke bedding hy vloeи, word nie deur die feit van die erf-sonde bepaal nie maar deur omstandighede, milieu en ander faktore. Daar is met ander woorde allerlei tussenskakels, wat die sonde van 'n volk, 'n geslag, 'n enkele mens met die van die aan almal geneenskaplike erfsonde verbind. Die erflikheids-leer van die ewolusioniste gaan nie na die oorsprong terug nie, want dit kan deur die leer nie hier en ook nie elders gevind word nie. Alle oorsprong skuil in die donker. Al kan dit egter die laaste oorsprong nie vind nie, trag dit tog die naaste oorsaak op te spoor. En in soverre is dit ook vir die leer van die erfsonde van die grootste belang.¹⁾

As psigoloog-teoloog besien Bavinck die erflikheid van psigiese eienskappe van alle kante. Sy bespreking is uitvoerig in sy „Bijbelsche en Religieuze Psychologie“. As daar geen erflikheid bestaan nie, het Pelagius, Locke en Rousseau dit gelyk, dat die mens goed en onskuldig in die wêrelد kom.²⁾ Is die mens aan die anderkant 'n louter produk van erflikheid, dan kan die verantwoordelikheid nie gehandhaaf word nie. Bavinck wys daarop dat die erflikheidsleer op die ewolusie steun, terwyl die leer van die erfsonde van die skeping uitgaan. Erflikheid hoort tot die natuurprosesse; erf-sonde is eties van aard en het van buite die natuur ingekom. Derdens beru; die erfsonde op toerekening: die erflikheids-leer ken geen etiese, maar alleen fisiese en psigiese verskyn-sels.³⁾ Elkeen beweeg op sy eie terrein; tog is daar 'n verband

-
1. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 140.
 2. Ibid., 129 - 130.
 3. Ibid., 137.

tussen beide. Die erflikheidsleer het vir die leer van die erfsonde ¹⁾ apogetiese waarde deurdat dit bewys dat die mense geen losse individue is wat onafhanklik langs mekaar staan nie, maar dat hulle onderling ten nouste saamhang.

(c) Rasverbetering.

Op die gebied van erflikheid bly daar soveel wat 'n misterie is. Aangesien die tema veral in Duitsland besonder op die voorgrond tree ten opsigte van die sterilisasievraagstuk, wy Bavinck 'n hoofstuk in sy „Nieuwe Opvoeding", aan rasverbetering.

Die wêreld vra na gesonde en meer kinders. Dit is nie meer 'n kwessie van dat God wil hê daar moet kinders wees ²⁾ nie, dis nou Frankryk of Duitsland wat dit wil hê. Die sogenoemde dominanswet van Mendel moet toegepas word om 'n sterker en beter ras te bou. ³⁾ Bavinck wys daarop hoe psigiese eienskappe besonder gekompliseerd is en nie die Mendelse wette volg nie. Die probleme van erflikheid by erte verskil van die by mense waar talle faktore en kombinasies, psigies en fisies, na vore tree. Die ervaring leer ook by plante dat die ras weer na die gemiddelde van die ou ras terugkeer. Mens moet met die erflikheid en veral ook met die konklusies wat ons daaruit wil aflei vir die praktyk uiters versigtig wees. Religie en etiek kan ook nie aan die higiëne opgeoffer word nie, want ons het hier met mense te doen en nie met diere nie. Liefde en trou kan by die huwelik en voortplanting nie uitgeskakel word nie.

„De Ziel is meer dan het lichaam, wijsheid beter dan robijnen, en een rein hart gaan niet alleen een gespierden arm, maar zelfs een rijken geest in waarde ver te boven." ⁴⁾

-
1. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 139.
 2. Bavinck: „Rasverbetering" in De Nieuwe Opvoeding, 2⁴ - 25.
 3. Ibid., 27.
 4. Ibid., 32.

Hierdie hoofstuk oor rasverbetering val streng gesproke buite die kader van die psigologie en die pedagogiek. As opvoeding die inwerking op ander is met die doel om hulle te help om hul bestemming te bereik — 'n opvatting waarmee Bavinck akkoord gaan — dan volg daaruit dat die ander, die opvoedeling daar moet wees voordat daar sprake van opvoeding is. Met ander woorde, die opvoeder moet die kind aanvaar soos dit aan hom gegee word.

In stede van hom tot lughartige optimisme te laat verlei deur die rasverbeteringrigting, staan daar vir die Christen-denker te onthou dat daar teenoor die degenererende mag van die sonde die regenererende mag van die genade staan.

7. Die Optimisme.

(a) Heymans en Meumann se Opvatting.

Deur die leer van die erflikheid of deur die leer van die erfsonde word die Christen-denker nie tot pessimisme gedwing nie maar ook laat hy hom nie tot lughartige optimisme verlei nie.

As voorbeeld van hierdie optimisme noem Bavinck in sy „De Nieuwe Opvoeding“, Heymans en die Duitser Meumann. Heymans se optimisme word die beste geken uit sy pragtige „rectorale oratie: De toekomstige eeuw der psychologie“. Soos die 19de eeu die natuurwetenskap tot ongekende hoogte laat styg het, so moet die psigologie in die 20ste eeu die aanskyn van die wêreld verander. Beter as die natuurwetenskap is die psigologie daartoe in staat omdat dit vir die mens en die mensheid meer beteken.¹⁾ Heymans profeteer dat die wetenskaplike ontwikkeling van die psigologie in die toekomstige eeu selfkennis moontlik sal maak en rigting sal bring in die individuele en maatskaplike lewe; die mense sal mekaar beter begryp en baie misverstande en teleurstellinge

sal afgesny word; dat dit daartoe sal bydra om ons verhouding tot die grond van dinge in die reine te bring en die bewussyn van die verhoudinge weer te maak tot 'n mag in die lewe.

Tweedens noem hy as vrug van die psigologie drie feite van wêreldbeheersde betekenis: die wisseling van die generasie deur dood en geboorte, die voorrang van beteres by voortplanting van geslagte en die erflikheid van psigiese eienskappe. Die mens sal deur kennis en middele tot sy beskikking van passiewe tot aktiewe seleksie oorgaan. Die psigologie sal ons die eienskappe laat ken wat beslissend is vir die intellektuele en morele gehalte van die volgende geslag; dit sal 'n intellektuele verantwoordelikheidsgevoel en 'n openbare mening kweek wat dit moontlik sal maak om 'n geslag te kweek soos in die verlede nie aanskou is nie. Dan selfs is die heilstaat nog ver in die verskiet, maar ons is op die regte pad. Ons moet sterf om plek te maak vir ons beteres.

Bavinck gee die standpunt van Heymans besonder ob-
jektief.¹⁾ Dit is opvallend dat hy dit nie kritiseer nie.²⁾

In sy onderwerp oor Basverbetering stel hy hierin teleur, deurdat die kritiek besonder beknoop is.

Hiervan moet ons nie aflei dat Bavinck aan die toekomsverwagting van die optimisme deel het nie. Die optimisme gaan immers uit van die onbewese evolusie-hipotese.

Waar Heymans daar die ontwikkeling van die psigologie 'n goue toekoms vir die lewe verwag, beperk Meumann hom tot die pedagogiek en die didaktiek. Hy verwag egter 'n hele rewolusionêre omwenteling, aangesien die ou pedagogiek nie rekening gehou het met die feitelike gegewens oor die kinderlike natuur nie.

Bavinck, wat duidelik die noodsaaklikheid van die

1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 34 - 35.

2. Ibid., 23 - 35.

psigologiese ondersoek omtrent die kind se ontwikkelingsproses ingesien het, stem met die meeste van Meumann se redenering en gevolgtrekkinge saam. Sy kritiek is gerig teen die opvatting van onbegrensde moontlikhede waartoe die menslike vaardigheid kan ontwikkel; meer nog is sy kritiek gerig teen Meumann se oordrewe verwagting van die sistematiese eksperimente.¹⁾ Die psigologie is 'n deskriptiewe wetenskap en kan dus nimmer aan 'n normatiewe wetenskap soos die pedagogiek ten grondslag gelê word nie.

(b) Skepping of Ontwikkeling.

Bavinck se standpunt insake dié psigologie is gedeeltelik ook te verklaar uit die mens Bavinck.²⁾ Dit is te begrype, want in elke studie, hoe prinsipieel ookal opgestel, speel die oer-persoonlikheid 'n belangrike rol. Bavinck, wat by die groot wapenskou vir die geestelike stryd altyd die meester is, bly dit ook hier, waar dit gaan om skepping of ontwikkeling. Immanente kritiek word op die ontwikkeling toegepas.³⁾ Duidelik trek hy teen die leer te velde, en in pragtige taal stel hy die suiwer Christelike standpunt.⁴⁾⁵⁾

Bavinck stel nie skepping en ontwikkeling in alle opsigte teenoor mekaar nie; daar bly egter die groot verskille. Die gelowige glo dat sy verwagting in vervulling sal kom deur krisis en worstelling, nie deur geleidelike self-ontwikkeling nie.

(c) Openbaring en Wysbegeerte.

Belangrik is dat Bavinck een besondere beswaar teen

-
1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 48 - 49.
 2. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 44.
 3. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek II, 208, 308, 384, 467; III, 311; IV, 624.
 4. Bavinck: Wijsbegeerte der Openbaring, 24 - 70.
 5. Bavinck: Schepping of Ontwikkeling.

Meumann se psigologie skynbaar nie raakgesien het nie.

Meumann skei die funksies skerp tot in die elemente. Hieruit kan ons aflei dat hoe verdienstelik Meumann se arbeid ook al is, dit aan 'n skool wat verbygaan behoort.

'n Belangrike kenmerk van die nuwe psigologie is die leer van eenheid van die persoonlikheid en die eenheid van die psigiese. Die mens reageer met sy hele persoon en is nooit vir een oomblik alleen 'n denkende, voelende of willende wese nie. Die vraag is dan of Bavinck dit nie raak gesien het nie en of sy opvatting ook nie meer die toets van ons tyd kan weerstaan nie.
1)

Dr. V. Hepp deel ons mee dat Bavinck op sy siekbed gesê het: „Want de beginselen, waarvan dit boekje uitging, blijven van kracht, bleven zijn leven lang de instemming van den schrijver behouden en verdienen beoefening en
2) uitwerking naast die zuivere empirische psychologie.”

Prof. Hepp laat ook duidelik deurstraal dat Bavinck soms gedruk gegaan het onder die gevoel om aan sy psigologie 'n nuwe konstruksie te gee. Aan die vele aantekeninge en die vertraging om sy „Beginselen der Psychologie” in herdruk te laat verskyn, merk ons dat Bavinck oor die saak baie nagedink het. Hy het dit egter nie verander nie en dit baat ons ook nie om te gis welke verandering hy sou aangebring het nie.

Liewers kyk ons na sy latere publikasies om vas te stel wat sy opvatting later was. In sy Stone Lectures oor die Wysbegeerte van die Openbaring word die Aristoteliaanse
3) teenstelling „siel en liggaam” verlaat en word plek gemaak
4) vir die ruimer „ek en sy funksies.” Hierdie nuwe opvatting

-
1. V.d. Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 50.
 2. Bavinck: Beginselen der Psychologie. Voorwoord, 5.
 3. Bavinck: Wijsbegeerte der Openbaring, 183.
 4. V.d. Zweep: op. cit., 50.

oorheers Bavinck se opvatting oor die nie-bewuste en die oor-winning van die siel. Hier sal getrag word om aan te toon dat Bavinck die nuwe insig in die totaliteit van die persoonlikheid gehuldig het.

8. Die Onbewuste.
1)

(a) Inleiding.

In die bewussyn het ons met 'n onmiddellike besef, met 'n regstreekse psigiese ervaring te doen, wat ons self moet deur maak, om daar iets van te verstaan. Die bewussyn maak hom deur homself bekend; skyn by sy eie lig. Die bewussyn is nie iets selfstandigs, geen krag en geen aksie nie, dit is niks, afgesien van sy inhoud; dit is net 'n spieël waarin sommige verskynsels in die menslike lewe hulself weerkaats.

Die aard van die „self" is onderskeidend. Omdat die dier geen „ek" het nie, het hy ook geen selfbewussyn nie. Trouens, ook die kind het bewussyn, lank voordat hy selfbewussyn het. Deur die selfbewussyn, wat verder aan al sy werksaamhede, as redelik- sedelike wese ten grondslag lê en in sy hele „Geistesleben" tot openbaring kom, verhef die mens hom bo die dier. Bewussyn kan daar wees en is daar sonder selfbewussyn.

As die bewussyn ontwaak is, deurloop dit verskilende toestande. Dit verdwyn in die slaap, doem in die droom newelagtig op en straal by die eintlik denke in ligvolle klaarheid. Tog skuil in en agter hierdie veranderinge iets konstants, 'n „self" wat alles deurleef: die fisies-psigiese wese wat ons mens noem, en waarvan die bewussyn, ook die selfbewussyn (die Ek of Ego) blykbaar nie die wese is nie maar die eienskap daarvan.

Die vraag ontstaan wat die verhouding tussen die

1. Bavinck: „Het Onbewuste", in Verzamelde Opstellen, 183-187.

„is" en die (self) bewussyn van die mens is. Is daar iets wat buite die bewussyn val? Dit is die onbewuste wat moeilik te verklaar is ook wanneer ons naas die onbewuste ook nog 'n onder mede- of swakbewuste plaas.

Tevergeefs soek ons by Bavinck se begripsbepaling na 'n definisie. Hy wys op die verhouding van die bewussyn, selfbewussyn en die „is" by die mens, maar verder nie. Bewussyn- en selfbewussyn is nie die wese nie maar 'n eienskap van die „Ek."

(b) Geskiedenis van die Begrip.

Bavinck gaan na watter plek die onbewuste gedurende die loop van tye en in die psigologiese struktuur deur die mens toegeken is. In die wilsfilosofie van Schelling het die nuwe leer van die onbewuste sy oorsprong.¹⁾ Richter, Vischer en Carriere pas dit breër toe en Von Hartmann versamel die gegewens nougeset.

In die psigologie word die deurwerking van die idee van die onbewuste jare lank deur die intellektualisme van Herbart en sy skool en ook deur die materialisme en positivism teegewerk, wat die bestaan of die kenbaarheid van die siel bestry en hulle tevredé stel met 'n „Psychologie ohne Seele". Tog kon die deurwerking nie vir goed terug gehou word nie. Gou het die leer van die onbewuste in die psigologie steeds warmer belangstelling en breër behandeling ge-²⁾ niet.

(c) Groeering en Beskrywing van die Verskynsel.

Met sy logiese gees groepeer Bavinck die verskynsel

Die eerste omvat die outomatisme en refleksbewe-
gings wat daarin verskil dat die eerste hulle prikkels in
die orgaan self en die ander buite die organisme het. Hy
meen dat die bewussyn slegs agteraf enige besef van die re-
1)
fleksie het.

Hierdie bevinding van Bavinck is nie heeltemal
juis nie. Die bewussyn speel tog blykbaar 'n rol by die re-
fleksie. 'n Mens sal byvoorbeeld jou oog knip as iemand
anders sy hand voor jou gesig verby waai terwyl jy dit nie
sal doen as jyself jou hand voor jou oog verby waai nie.

Tot die psigiese onbewuste behoort volgens Bavinck
die instinkte, vermoëns, disposisies en neigings. Elke
mens is, soos Emerson sê, 'n sitaat van sy voorouers, en tog
is hy ook weer 'n eie gedagte. Sonder dat ons wil of weet,
werk die onbewuste al in ons bewuste lewe in en gee daaraan
rigting en leiding.

„In het onbewuste, in die ziel zelve met al wat
haar aangeboren is, ligt de wortel van 's menschen persoon-
lijkheid; ziel en bewustzijn vallen volstrekt niet saam;
het zelf is veel rijker dan het ik.”²⁾

Van elke mens kan dit gesê word dat daar vele
gawes in sy siel sluimer.

Derdens bespreek Bavinck 'n ander groep verskynsels
wat eers bewus was en daarna uit die bewussyn verdwyn het.
Gewoonlik word gesê dat hulle in die geheue bewaar en daar-
uit weer deur herinnering tevoorskyn gebring kan word. Dit
is in teenstelling met wat tweedens genoem is 'n tweede na-
tuur wat deur gewoonte verkry word. Ons sou hier van aan-
geleerde reflekse of aangeleerde instinkte kon praat.

Onder „subconscious" of „coconscious" in ruimer en enger sin bespreek Bavinck die slaap en die droomlewe, hipnose en 'n paar vorme van psigiese afwykinge soos melancholie,
1) paranoia, histerie en neurastenia.

Die okkulte omvat al die verskynsels wat die studie-objek van die parapsigologie is. Die onbewuste verhef hom hier tot 'n vraagstuk van wêreld- en lewensbeskouing. Die
2) okkultisme verhef homself tot 'n nuwe religie.

3)
(d) Gevolgtrekking.

Bavinck gee in 'n kort konklusie sy eie standpunt weer. Die onbewuste is die naam vir die belangrike groep sielsverskynsels, wat wel buite die kriterium van die bewus-
syn lê maar tog nie heeltemal daar buite val nie. Kortlik s vat hy uitsprake van die Heilige Skrif oor die onbewuste
4) saam. Sy bevinding dat dit ongewens is om 'n besondere leer van die onbewuste op te stel, kan in ons tyd nie meer onge-
wysig gelaat word nie, aangesien die leer oor die onbewuste vir die pedagogiese psigologie van onmisbare waarde is.

Uit hierdie studie van Bavinck is dit weer duidelik hoe breed en diep hy die verskillende wetenskappe bestudeer
5) en krities ondersoek het. Bo alles is dit belangrik dat Bavinck die wortel van die mens se persoonlikheid in die on-
bewuste soek.

9. Die Oorwinning van die Siel.

Op 26 April 1916 hou Bavinck 'n rede voor die „Nederlandsche Philologencongres" in Utrecht oor „De over-winning der Ziel." Daarna is die rede by verskillende ge-

leenthede uitgespreek en in dieselfde jaar in drukvorm uitgegee.

In hierdie skitterende rede aksentueer hy die begrip: persoonlikheid. Die karakter van 'n wêreldbeskouing word bepaal deur die verhouding, waarin 'n mens gees en stof, siel en materie, woord en daad tot mekaar stel.

Na die oppermagtige heerskappy van die materialisme
1)
in die vorige eeu het die bevrydingswoord oral weerklink, wat dr. Van Ginneken in sy „Handboek der Nederlandsche Taal“
2)
as banier voorop stel: *Psyché nikai*, die siel oorwin.

Maar die oorwinning staan nie op homself nie, dit is openbaring en bevestiging daarvan, wat die siel as geesteswese oor die sinlike, in die kultuur oor die stoflike wêreld en in die etiese stryd oor sigself behaal. Van hierdie viervoudige oorwinning gee Bavinck rekenskap.

Van die siel geld die mooi woorde van Augustinus:
3)
dit is 'n bont, veelvormige en onmeetlike lewe.

Nadat Bavinck die teleurstelling van die materialistiese lewensbeskouing in die filosofie geskets het, teken hy die hoëre sielelewe se oorwinning in die lewensontwikkeling van die mens. Die betekenis van die besitter van die wil en die verstand wat selfbewussyn en selfbepaling besit, naamlik
4)
die „Ek“, word na vore gebring.

Die oorwinning op die materialisme behaal, is 'n oorwinning van die siel, en bewys daarmee sy onverwoesbare lewenskrag wat in hom woon en wat by elke mens in sy ontwikkeling tot persoonlikheid aan die lig kom.

Namate die siel hom hoër verhef, sien dit verder en brei sy horison uit. Hoe meer hy hom aan die natuur ont-worstel, des te dieper dring hy in die ryk van die kultuur.
¹⁾
Ook op hierdie gebied het die siel oorwin.

Groot en skoon is vir Bavinck die oorwinnings deur die redelike siel, in wêreldbeskouing, persoonlikheid en kultuur oor die sinlike wêreld. Maar die hoogste en skoonste oorwinnings is dit nog nie. Die sterkste vyand vind die mens in homself teenoor homself.
²⁾ Die magtige feit kan nie omver gestoot word nie, dat ons almal bewus is van die ek wat in ons dieselfde bly, nienteenstaande veranderinge wat inwendig en uitwendig in die loop van jare by ons plaasvind. Die ekheid bly die eenheid en identiteit van die persoonlikheid, onwankelbaar soos 'n rots temidde van die golwe. Maar die eenheid is ook subjektief; hy is van homself bewus. Dit is die siel wat as persoonlikheid die sinlike oorwin en aan die geestelike en ewige 'n deel verkry.
³⁾

As persoon gaan die mens bo homself uit, aanskou en ken, regeer en lei hy sy eie wese, word hy sy eie heer en meester.

Ons meen dat ons hiermee bewys dat Bavinck se laaste psigologiese geskrifte, al het hulle prinsipieel volgens sy eie mening dieselfde gebly,
⁴⁾ die invloed van die moderne ondersoekinge ten volle ondergaan het. Duidelik stel hy die elemente-psigologie agter by die leer van één subjek. Die persoonlikheidsgedagte kom by Bavinck tot sy volle reg.

oor die psigologie het Bavinck ook hier met sy tyd saam ge-gaan.

Ons sluit af met die woorde van Bavinck oor die oorwinning van die siel: Ook „waarin het goede over het booze, de genade over alle ongerechtigheid triumfeert. In dit licht wordt de tragedie der menschheid eene Divina Comedia. Maar het blijde einde gaan ver boven den aardschen gezichts-einder uit. Daarom, Wat de rede ziet, kan 'k U verklaren; Maar verder moet gij wachten Op Beatrice in zaken des geloofs.”¹⁾

10. Samevatting.

(i) Bavinck was 'n seldsaam onderlegde geleerde met 'n breë kennis van die teologie, die filosofie, die psigologie, die geskiedenis, die etiek en die pedagogiek. Deur sy groot kennis veronderstel hy dat sy leser op hoogte is met die ver-naamste feite; daardeur maak hy dit vir die leser soms uiters moeilik.

(ii) Deurdat Bavinck hom objektief so inleef in 'n ander se standpunt, moet met besonder versigtigheid gelet word wanneer hy iemand anders se standpunt stel en wanneer dit sy eie is.

(iii) Bavinck skryf oor die psigologie in 'n tydperk waar-in baie skole en rigtinge ontwikkel. Hy is deeglik op hoog-te met alle rigtinge en sy skerp oog word op alle onderdele van die strominge gerig.

(iv) Sy standpunt is die suiwer Christelike: daardeur toets hy alles aan die Heilige Skrif.

(v) Die fundamentele van alle metodes van die psigologie is vir hom die introspektiewe metode; maar hy sien ook die waarde van die ander metodes in.

(vi) Bavinck het met sy vermoënsleer 'n baie ongelukkige opvatting gehad. Hyself kla egter gedurig oor die ontoe-

1. Bavinck: Overwinning der Ziel, 34.

reikendheid van die leer.

(vii) Bavinck gee nie aan die wil of aan die verstand voorrang nie. Hy beskou die persoonlikheid as 'n geheel. Die „ek" wat onwankelbaar staan, bly die eenheid en die identiteit van die persoonlikheid.

(viii) Die ewolusieleer word deur hom besonder skerp aangeval en verworp. Daarteenoor stel hy die skeppingsleer, met die erfsonde.

(ix) Bavinck sien die groot betekenis en waarde van die psigologie en psigologiese ondersoek in, maar waarsku teen ooroptimisme, wat 'n heilstaat as gevolg van kennis van die psigologie tot stand wil bring.

(x) Die onbewuste is vir Bavinck die naam vir 'n belangrike groep sielsverskynsels wat buite die kriterium van die bewussyn lê maar tog nie heeltemal daar buite val nie. Hy soek die wortel van die mens se persoonlikheid in die onbewuste.

(xi) Bavinck aksentueer die begrip: persoonlikheid. Die mens se sterkste vyand vind hy in homself. As die menslike siel as persoonlikheid die sinlike oorwin, kry hy deel aan die geestelike en ewige.

(xii) Bavinck se sielkunde het die invloed van die moderne ondersoekinge op die gebied van die psigologie ten volle onderraan.

(xiii) Die hoogste oorwinning van die siel is vir hom daar-in geleë dat die goeie die slechte oorwin; dat die genade oor al die ongeregtigheid sal triomfeer.